<p>Praktiese Onderwys vereistes (SAQA) :</p> <p>Gestruktureerde praktiese skoolervaring ("field experience") moet in al 4 jaar plaasvind (Educators in Schooling SGB, 2001:14).</p> <p>Die student moet :</p> <ul style="list-style-type: none"> - Metodieke en onderrigwyses prakties kan demonstreer en reflekteer. - Praktiese skoolervaring opdoen waartydens praktykgerigte vaardighede uitgevoer en gedemonstreer word. -Teorie en praktyk moet geïntegreer word. 	<p>Die volgende vereistes vir praktiese onderwys kom voor in die jaarboeke van die 6 universiteite:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Een universiteit maak geen melding van die vereistes vir praktiese onderwys nie. Hierdie universiteit noem praktiese onderwys ook nie as deel van die vereistes vir die onderwysprogram nie. • Die ander 5 universiteite meld wel praktiese onderwys as 'n vereiste, hoewel een van hierdie gladnie aandui wat die vereistes of tydsduur van die praktiese onderwys moet wees nie.. • Slegs 3 universiteite dui die tydsduur vir praktiese onderwys aan. Twee vereis 20 weke, terwyl een 24 weke vereis. • Sommige universiteite vereis dat studente in al 4 jaar skole besoek, terwyl ander die vereiste tydperk vir praktiese onderwys in die laaste 3 jaar inpas. <p>Wat betref die assessering van praktiese onderwys, die volgende: Slegs drie universiteite meld die soort praktiese onderwyservaring (pre- primêre skool, laerskool, ens.) asook die assessering daarvan deur bv. portefeuljes, assesseringstake, waarnemingstake, navorsingsprojekte en dosente-assessering.</p>
<p>Spesialisveld vereistes (SAQA):</p> <ul style="list-style-type: none"> - 204 krediete toegeken vir die spesialisveld. <p>Spesialisveld sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> -Die drie leerprogramme, naamlik Geletterdheid met spesifieke verwysing na leesvaardighede, Gesyerfheid en Lewensvaardigheid soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulum - Uitkomsgebaseerde Onderwys moet ingesluit wees. - Vakinhoud, metodologie en pedagogiese teorieë moet geïntegreerd aangebied word 	<p>Die volgende kan vermeld word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Weens die verskil in formaat en program- en modulebeskrywing in die jaarboeke, was dit besonder moeilik om akkurate afleidings te maak oor modules in die spesialisveld. • Slegs een universiteit het die spesialisveld vir die VKO en die grondslagfase beskryf as 'n verpligte spesialisveld, met verdere spesialisveld-pakketopsies. • Wat die vereiste kredietwaarde betref, het twee universiteite geen kredietwaardes toegeken nie, en kon nie vasgestel word of hulle program voldoen aan die vereistes nie. • Waar die kredietwaardes vir die spesialisveld wel bereken kon word, blyk dit dat slegs een universiteit voldoen aan die minimum vereistes met 216 krediete. • Drie universiteite het die volgende kredietwaardes gereflekteer: 152, 188 en 200 krediete respektiewelik. • Wat die insluiting van die drie vereiste leerprogramme aanbetref, die volgende: Een universiteit het gladnie voldoen aan die vereistes nie, terwyl die ander vyf wel die programme ingesluit het. • Wat die vereiste van lees en leesvaardigheid aanbetref, die volgende: Twee universiteite noem eksplisiet modules waarin lees en leesvaardigheid voorkom. Die ander universiteite meld wel lees, maar bestee volgens die toegekende krediete minder tyd aan hierdie aspek. • Uit die moduleinhoudskrywings van die vier universiteite wat sulke inhoud verskaf het, is dit duidelik dat in die meeste gevalle metodologie, pedagogiese teorieë en vakinhoud geïntegreerd aangebied word. <p>Opmerking: Bovermelde afleidings is gemaak op grond van inligting verkry uit die ses universiteite se jaarboeke. Modules in die spesialisveld is nie noodwendig in die jaarboeke as sulks aangedui nie. Inligting is verkry deur spesialisveldmodules te identifiseer volgens SAQA riglyne, die spesialisveld aanduidings van die betrokke universiteit verkry uit die programstruktuur en die module-inhoudskrywings. Dit is moontlik dat daar verdere ongeïdentifiseerde spesialisveldmodules kan wees.</p>

Bylaag B: Data van semi gestruktureerde vraelyste

Bylaag B

1. Dekbrief

Kwaliteit Onderwysersopleiding in Vroeëkindertwikkelings- (Onderwys) en Grondslagfase programme

U word vriendelik versoek om deel te wees van 'n ondersoek na kwaliteitopleiding van onderwysers in die Vroeëkindertwikkelings- en/of Grondslagfase programme. Die inligting wat versamel word deur hierdie vraelys, tesame met inligting verkry uit 'n studie van relevante literatuur, sal gebruik word om riglyne te identifiseer waardeur onderwysersopleiding in die algemeen verbeter sal word.

Die inligting wat u verskaf is vir my van groot belang en ek waardeur dit dat u tyd spandeer om die vraelys te voltooi.

Die inligting deur u verskaf is konfidensieel. U eie identiteit, sowel as die van u inrigting sal nie genoem word wanneer inligting bespreek word nie.

Indien u enige navrae het oor die navorsing, sal ek graag meer inligting verskaf. Ek onderneem ook verder om u in te lig oor die bevindinge na voltooiing van die navorsing. U kan met my skakel by: (012-567-7358 H ; 012-420-5525 W). E-Posadres: simmarie@intekom.co.za

Voltooi asseblief die vraelys en stuur aan my by die meegaande adres.

Graag versoek ek ook 'n kopie van u jaarboek sodat ek verdere inligting oor u kurrikulum en die struktuur van u program kan verkry.

Stuur asseblief die voltooide vraelys en kopie van u jaarboek per koerier aan my. Ek onderneem om alle kostes te dra.

Adres:
EDEN PARK 30
ELIZABETSTRAAT 195
WONDERBOOM
0182

Baie dankie vir u samewerking

Marië Botha.

2. Voorbeeld vraelys

VRAELYS GERIG AAN DEPARTEMENTSHOOFDE OF PROGRAMKOÖRDINEERDERS

Beantwoord asseblief elke vraag so volledig moontlik.

1. **ALGEMENE INLIGTING**

1.1. Naam van Inrigting

1.2. Naam van Departement waaronder kursus aangebied word

1.3. Naam van program wat u aanbied (Byvoorbeeld: BEd:Grondslagfase of BEd:Preprimêr en Grondslagfase)

1.4. Aantal dosente betrokke by hierdie program

1.5. Aantal studente per studiejaar ingeskryf in die program

Eerste Studiejaar

Tweede Studiejaar

Derde Studiejaar

Vierde Studiejaar

Ander

2. **PROGRAMINLIGTING**

2.1. Wat beoog u inrigting met die opleiding van onderwysers in hierdie program?

2.2. Tot watter mate voldoen u program aan die voorskrifte van die Norme en Standaard vir die opleiding van onderwysers? Motiveer asseblief.

2.3. Na u mening, wat is die sterk punte van u program soos dit tans bestaan? Motiveer asseblief.

2.4. Na u mening, wat is die swak punte van u program soos dit tans bestaan? Motiveer asseblief.

2.5. Watter veranderings sou u aan u program wou aanbring?

2.6. Is u van mening dat daar in u program voldoende voorsiening gemaak word vir die volgende komponente soos voorgeskryf vir die Grondslagfase? Motiveer asseblief.

2.6.1. Geletterdheid

2.6.2. Gesyferdheid

2.6.3. Lewensvaardigheid

2.7. Tot watter mate geniet die onderrig van lees voldoende tyd en belangrikheid? Motiveer asseblief.

2.8. Tot watter mate word uitkomsgebaseerde onderrig (UGO) in u program geïmplementeer? Motiveer asseblief.

2.9. Indien onderwysersopleiding in die preprimêre fase (0-5 jaar) in u program ingesluit is, dui kortliks aan hoe u daarvoor in die program voorsiening maak.

3. **KWALITEITSVERSEKERING**

3.1. Watter kwaliteitsversekeringsmeganismes pas u in hierdie program toe?

3.2. Watter probleme beleef u met die kwaliteitsversekering van hierdie program?

3.3. Hoe sou u die kwaliteitsversekeringsmeganismes wou verander?

3.4. Watter veranderings sou u wou aanbring om die kwaliteit van u program te verbeter?

4. **ASSESSERING**

4.1. Verduidelik hoe u assessering toepas om die vordering van studente te meet.

4.2. Watter probleme beleef u met die assessering van studente?

4.3. Hoe sou u assessering meer effektief wou maak?

5. **PRAKTIESE ONDERWYS**

5.1. Omskryf kortliks:

a) Hoe maak u voorsiening vir praktiese onderwys in u program?

b) Wanneer vind praktiese onderwys in u program plaas?

5.2. Watter probleme beleef u met praktiese onderwys in u program?

5.3. Watter veranderings sou u aan die praktiese onderwys in u program wou aanbring?

5.4. Watter metode(s) word gebruik vir die plasing van studente by skole vir praktiese onderwys?

5.5. Watter vennootskap bestaan daar tussen u inrigting en skole ten opsigte van die praktiese opleiding van studente?

5.6. Watter terugvoer word oor praktiese onderwys vanaf skole verwag?

5.7. Hoe word die assessering van die praktiese vaardigheidsvlak van studente gedoen?

5.8. Tot watter mate vul die teorie en die praktyk in u program mekaar aan? Motiveer u antwoord kortliks.

Baie dankie dat u tyd spandeer het om hierdie vraelys in te vul. Dit word hoog op prys gestel.

2. Samevatting van data soos verkry uit semi-gestruktureerde (kwalitatiewe) vraelyste van die ses universiteite

2.2.1 Algemene inligting:

Totale aantal studente en spesialisveld dosente in die ses programme.

Universiteit	1	2	3	4	5	6
Aantal ingeskrewe studente	1200	591	240	106	331	355
Aantal dosente betrokke by die spesialisveld	15	6	4	5	7	4

2.2.2 Programinligting:

Vraag: Wat beoog u inrigting met die opleiding van onderwysers in hierdie program?

Universiteit 1	Om Suid-Afrika te voorsien van bevoegde gegradueerde onderwysers met kennis, vaardighede en waardes vir die Grondslagfase. Ook om Suid-Afrika te voorsien van intellektuele en innoverende leiers in die onderwys. Derdens is die doel van die kursus om kwalifiserende persone te ontwikkel as mense wat bemagtig is en hulle plek in die arbeidsmag suksesvol kan volstaan.
Universiteit 2	Om onderwysers op te lei wat in staat is om kwaliteit-onderrig te gee aan leerders vanaf 0-9 jaar.
Universiteit 3	Om studente te kwalifiseer om onderwys te gee vanaf Gr 0-3
Universiteit 4	Om bekwame onderwysers te lewer wat kan voldoen aan die eise van 'n veranderende samelewing. Bekwame onderwysers te lewer wat kinders tussen die ouderdomme van 3-9 jaar doeltreffend kan onderrig.
Universiteit 5	Om kennis, gesindheid en vaardigheid tov die grondslagfase (Gr R- Gr 3) by die studente te vestig. Om studente praktykgerig op te lei
Universiteit 6	Beoog om studente toe te rus met die nodige kennis, vaardighede, waardes en norme om 'n suksesvolle en gesogte Grondslagfase fasiliteerder te wees indie praktyk

Vraag: Tot watter mate voldoen u program aan die voorskrifte van die Norme en Standaard vir die opleiding van onderwysers? Motiveer asseblief.

Universiteit 1	Dit is ten volle goedgekeur deur SAQA sowel AS CHE en voldoen aan al die gestelde vereistes.
Universiteit 2	Voldoen aan al die vereistes van die Norme en Standaard.
Universiteit 3	Program beplan volgens die vereistes van die Norme en standaard
Universiteit 4	Voldoen volledig aan die vereistes soos neergelê vir die opleiding van onderwysers in die grondslagfase. Die Norme en standaard spreek nie die opleiding van onderwysers vir kinders jonger as 5 jaar aan nie.
Universiteit 5	Ingebou in program
Universiteit 6	Norme en Standaard verskaf riglyne vir die ontwerp en samestelling van die kursusstruktuur en vir die inhoud van die modules

**Vraag: Na u mening, wat is die sterk punte van u program soos dit tans bestaan?
Motiveer asseblief.**

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Die koste - R520-00 per module • Studente kan in hul tuisdorp bly en werk terwyl hulle studeer • Die aard en samestelling is gemik op Internasionale standaarde wat dit ook beskikbaar maak vir studente in die buiteland • Die feit dat studente in die praktyk opgelei kan word bring mee dat hul min praktykskok het by toetreding tot die professie • Die program is nuut ontwerp volgens die voorskrifte van die Norme en Standaarde en nie 'n ou program wat net aangepas is nie.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Program is relevant en reserant • Studente het 'n sterk teoretiese onderbou. • Praktiese komponent verseker vaardigheid in die praktyk.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Praktykgerig • Generiese vaardighede is geïntegreer binne die geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighedsprogram. • Opvoedkundemodules is relevant tot die grondslagfase.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Die VKO (0-5 jaar) word so wyd moontlik behandel • Studente word blootgestel aan uiteenlopende aspekte. • Studente word blootgestel aan uiteenlopende inrigtings en gemeenskapsprojekte, wat hulle persoonlike insig en onderwysperspektief verbreed. • Studente moet inisiatief toon en kreatief wees. • Die program fokus steeds op die jonger kind, ten spyte van groot druk. • Studente word gefokus op die informele benadering in die onderrig
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Baie praktykgerig • Onnodige modules is verwyder.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Bemagtig student om goeie grondslagfase onderwyser te wees, en tot gr 12 skool te hou met akademiese hoofvak.

**Vraag: Na u mening, wat is die leemtes van u program soos dit tans bestaan?
Motiveer asseblief.**

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Die feit dat groot getalle en afstande dit moeilik maak om alle studente in die praktyk te besoek.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Hoewel studente so vroeg as moontlik blootstelling aan die praktyk behoort te kry, vind blootstelling eers in 2e jaar plaas.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Te min personeel vir taak
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Te min tyd vir die voorskoolse aspekte • Omdat hierdie fase nie bevonds word nie, word kinders 0-5 gemarginaliseer. • Te min VKO dosente • Studente behoort meer tyd vir praktiese werk by goeie kleuterskole te hê. • Musiekopleiding is onvoldoende.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Te veel deelydse personeel, sou graag meer permanente personeel wou hê.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Verpligte pre-primêre modules (4e jaar) "Studente stel net belang daarin om gewone Junior Primêre (gr1-3) fasiliteerders te wees".

Vraag: Watter veranderings sou u aan u program wou aanbring?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Die Departement is voortdurend besig met aksienavorsing en bring verbeterings aan soos wat dit uit die navorsing duidelik word.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Eerstejaars moet vroeg in die jaar kort observeringsblootstelling kry in skole.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Meer fokus op die spesialisveld deur dosente, agv. 'n verskeidenheid van take.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Die kursus moet herontwerp word om aan die vereistes van die nuwe BEd te voldoen. • Meer tyd vir kinderontwikkeling en spesifieke metodologieë
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Meer tyd vir kursus.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Om 'n keuse in die 4e jaar te bied vir studente wat net Pre-primêr wil doen.

Vraag: Is u van mening dat daar in u program voldoende voorsiening gemaak word vir die volgende komponente soos voorgeskryf vir die Grondslagfase? Motiveer asseblief die voorsiening van geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardigheid in die program.

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Maak ten volle voorsiening vir al drie leerprogramme in die program
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Aandag word gegee aan die leerareas van die drie leerprogramme. • Verder word vroeë geletterdheid en gesyferdheid ook afsonderlik gedoseer. • Voorsiening word gemaak vir die hooftaal en 'n addisionele taal.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsiening word gemaak
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Gee voldoende tyd aan al drie die komponente. • Gebruik 'n geïntegreerde benadering waardeur die leerareas geanaliseer word en in die drie leerprogramme ingevoeg word.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Ja, doen alles.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Spandeer die meeste tyd aan die geletterdheidsprogram, tweede meeste aan die gesyferdheidsprogram (vakdidaktiek). Gee voldoende aandag aan lewensvaardigheid.

Vraag: Tot watter mate geniet die onderrig van lees voldoende tyd en belangrikheid? Motiveer asseblief.

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Twee volle modules word hieraan afgestaan. Die mees moderne benaderings word aan die studente oorgedra en die nuutste literatuur is tot beskikking van studente
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Lees is belangrik en kry baie tyd. • Voorbereidende lees word in vroeë geletterdheid en gr. R modules gedoen, en die onderrig van lees in die geletterdheidsmodule.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Geïntegreer binne die ontwikkeling van taal.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Word beskou as belangrik. Gee aandag aan voorbereidende lees en die opleiding van onderwysers om kinders suksesvol te leer lees.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Tyd toegestaan vir lees is te min.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Baie tyd word spandeer; dek voorbereidende lees, leesprosesse, leesmetodes en remediërende lees.

Vraag: Tot watter mate word uitkomsgebaseerde onderrig (UGO) in u program geïmplementeer? Motiveer asseblief.

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Alhoewel die Universiteit internasionaal oplei word studente volledig ingelig oor die nuutste dokumente oor C2005 (hersien). Dit gaan as studiemateriaal aan alle studente.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Beginsels van UGO word in die eerste semester met 1e jaars behandel. • Alle ander modules word volgens UGO vereistes aangebied.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Word gebruik • Modules daarvolgens geskryf. • Beplanning en praktyk word geskoei op die beginsels van die uitkomsgebaseerde benadering.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Ten volle geïmplementeer; gebruik die hersiene program. Kontinue assessering word deurlopend toegepas.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Baie goed • UGO vereistes vir elke kursus gestel • Studente ontvang UGO opleiding wat hulle in die leerprogramme toepas.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Studiegidse is gebaseer op uitkomsgebaseerde beginsels

Vraag: Indien onderwysersopleiding in die preprimêre fase (0-5 jaar) in u program ingesluit is, dui kortliks aan hoe u daarvoor in die program voorsiening maak.

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> Die program strek oor die hele spektrum van leerders van geboorte tot graad 3. Die student is dus opgelei om in die preprimêre skool of in die grondslagfase skool te hou.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> Ja. Studente word opgelei om 'n basiese kennis van Pre- primêre onderwys te hê. Studente kan vir 4 jaar spesialiseer in die pre-primêre fase deur die elektief te kies.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> Maak nie deel uit van kursus nie.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> Die gekombineerde kursus fokus op hierdie fase, terwyl daar ook 'n kursus bestaan vir die grondslagfase.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> Geen spesifieke module is gekurrikuleer nie- opleiding is geïntegreer.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> Module slegs in 4e jaar vir almal.

2.2.3 Kwaliteitsversekering

Vraag: Watter kwaliteitsversekeringsmeganismes pas u in hierdie program toe?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> Besoeke aan studente waar hulle in diens is Deurlopende empiriese navorsing Terugvoer van mentors en skoolhoofde oor hul behoeftes Besoeke aan builelandse opleidingsinstansies Die gebruik van moderators Voordurende opleiding van personeel in die nuutste benaderings Internasionale kwaliteitsversekering deur VSA Liggaam vir akkreditering
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> Studentet terugvoer deur vorms en vraelyste Prestasiebestuuronderhoude deur dekaan. Personeelopleiding Eksterne moderators.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> Interne en eksterne evalueringsmeganismes is in plek. Modereer alle vraestelle op uitreevlak.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> Elke kursus word geskryf met kursusuitleg, moduleuitkomste en assesseringprosedures. Studente evalueer die kursus en dosente. Eksterne moderering van eksamen en interne hersieningsprosedures word toegepas.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> Vraelys saam met die module-assessering.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> Registrasie by die NKR (NQF). Eksterne kwaliteitsversekering deur 2 internasionale instansies. Kontinue evaluering van programme. Moderering van vraestelle, memoranda en vraestelle.

Vraag: Watter probleme beleef u met die kwaliteitsversekering van hierdie program?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> Die beskikbaarheid van dosente weens 'n werklading om navorsing te administreer Ons ervaar nie buitengewone probleme nie omdat ons stelsel daarvolgens ontwerp is.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> Proses is nuut en besig om ge-implementeer te word.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> Te min personeel veroorsaak vertraging
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> Te min kontak met soortgelyke kursusse. Onvoldoende tyd beskikbaar vir bespreking en kurrikulumaangeleenthede. Moeilik om resente inligting en veranderings te verkry.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> Geen terugvoer word vanaf Universiteit ontvang nie "Studente raak onbetrokke oor die invul van die selfde vraelys, en doen dit nie met erns nie".
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> Toenemende verminderde kontaktyd bemoeilik die oordrag van vaardighede. Interaktiewe studiegidse maak dat studente klasbywoning nie as belangrik beskou nie.

Vraag: Hoe sou u die kwaliteitsversekeringsmeganismes wou verander?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> Die model werk goed. Sal nie veranderings aanbring nie
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> Variasie van vrae vir evaluering van modules. Meer oop vrae kan gestel word. Internasionale samewerkingsooreenkomste.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> Aanpassings word gedoen soos vereis word van tyd tot tyd.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> Die behoefte bestaan aan meer samesprekings orr gemeenskaplike sake met ander inrigtings. Meer internasionale skakeling is nodig.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> Meer terugvoering moet ontvang word Studente moet dosent eenmalig maar deeglik evalueer
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> Geen

Vraag: Watter veranderings sou u wou aanbring om die kwaliteit van u program te verbeter?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> Die uitbreiding van personeel om meer kwaliteit aandag aan programontwikkeling te gee. Die voorbereiding van gedrukte studiemateriaal eis baie van dosente.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> Eenvormigheid tov. van werksvolume en werksverdeling. Groter deursigtigheid oor werksvolume en werksverdeling van dosente
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> Sou meer praktykgerig wou wees
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> Meer praktykgerigte ervaring vir studente Meer blootstelling vir studente aan goeie skole waar teorie toegepas word in die praktyk.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> Meer hulp en meer permanente personeel sal definitief kwaliteit verhoog.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> Meer praktykblootstelling vir direkte toepassing van vakdidaktieke.

2.3.4 Assessering

Vraag: Verduidelik hoe u assessering toepas om die vordering van studente te meet.

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> Skryf van vraestelle Die voorbereiding van portefeuljes in die meeste modules. In sommige modules word tot 10 portefeuljes verwag. Assessering deur die mentor waar prakties gedoen word Assessering deur besoeke van dosente waar moontlik as deel van die navorsing
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> Deurlopende assessering sluit demonstrasies en skriftelike komponente in. Skriftelike eksamen
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> Eksamen, praktiese onderwys. Aaneenlopende assessering (peer & self) word volgens evalueringsskale (rating scale) gedoen. Portefeulje assessering word gedoen
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> Studente word geassesseer tydens praktiese take en uitstallings. Assessering vir toetse, geskrewe take, mondelinge aanbiedings, en individuele en groepwerk Eksamen, praktiese onderwys. Assessering (peer & self) word volgens evalueringsskale (rating scale) gedoen.
Universiteit 5	<p>Verskeidenheid assesseringsmetodes :</p> <ul style="list-style-type: none"> Groeps en individuele assessering Projekte Voordragte Hulpmiddels Toetse en werksopdragte
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> Kontinue assessering gedurende semestermodules. (5-6 geleenthede)

Vraag: Watter probleme beleef u met die assessering van studente?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Assessering deur vraestelle eis baie nasienwerk • Assessering deur take en portefeuljes 'n intensiewe werklading • Assessering deur mentor of skoolhoof soms nie objektief genoeg nie • Besoeke aan studente is tydrowend en duur
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Groot aantal studente maak assessering tydrowend • Assistent bring verligting
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Aaneenlopende assessering vereis dat genoeg tyd en personeel beskikbaar moet wees om take te verrig.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Evaluering is tydrowend • Studente lees nie die terugvoer nie • Studente werk aanvanklik nie hard in praktiese onderwys nie, omdat daar nie 'n punt toegeken word nie
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Studente nie altyd eerlik in die groepsassessering (peer assessment) nie. "Sommige studente sukkel om hulleself te assesseer- verkeerde waardestelsels, assesseer hulself te hoog!".
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Groot groepe maak kontinue assessering moeilik.

Vraag: Hoe sou u assessering meer effektief wou maak?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Die aanstel van addisionele personeel om met die nasien te help • Meer geld beskikbaar om personeel op te lei • Meer personeel na die buiteland te stuur vir navorsing
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Rekenariseer skriftelike eksamen
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Portefeuljes kan volgens voorgeskrewe riglyne saamgestel en evalueer te word.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Meer kort take • Meer praktiese werk by skole wat deur tutor assesseer word. • Meer een-tot-een werk met studente, ook wanneer hulle take gemerk word. • Nouer samewerking met skole sodat assessering meer gestandaardiseerd kan wees.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Deurlopende assessering is essensieel maar tydrowend • Meer personeel implisiet in die antwoord.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Aanstelling van assistente om vraestelle te merk.

2.3.5 Praktiese Onderwys

Vraag: Omskryf kortliks:

a) Hoe maak u voorsiening vir praktiese onderwys in u program?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • 4x 5 weke praktiese onderwys verpligtend • Meeste studente deel van internskappe • Volledige werkboeke en portefeuljes moet ingedien word • Deeglike voorbereiding word van studente verwag • Mentors word gebruik om te kontroleer
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Praktiese onderwys is ingedeel in die kernkomponent. • Daar is 4 modules praktiese onderwys.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • 20 weke verdeel oor 3 jaar. • PO vanaf 2e jaar
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Twee keer per jaar gedurende die 4 jaar van die program. • Drie weke elke keer.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Praktiese lesse by skole word bygewoon • Praktiese aanbiedings by lesings • Twee keer per jaar PO by skole
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • COTEP maak nie voorsiening vir PO. Geen spesifieke voorskrifte nie.

Vraag: Omskryf kortliks:**b) Wanneer vind praktiese onderwys in u program plaas?**

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Wanneer dit die student pas.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Die eerste ervaring vind plaas aan die begin van die tweede jaar (3 weke). Studente moet onderrig en leeraktiwiteite waarneem, Teorie en praktyk toepas, en leeraktiwiteite aanbied. • Die tweede ervaring vind plaas aan die begin van die derde jaar (3 weke). Studente moet onderrig en leeraktiwiteite waarneem, Teorie en praktyk toepas, en leeraktiwiteite aanbied. • Die derde en vierde ervarings vind gedurende die tweede en derde kwartale van die vierde jaar plaas. Hulle het dus 9 weke by 'n laerskool (gr 1-3), gevolg deur 'n periode van terugrapportering (een week). Dan volg 'n verdere 9 weke by 'n skool van eie keuse. Studente moet onderrig- en leeraktiwiteite waarneem, teorie en praktyk toepas, en leeraktiwiteite aanbied. Hulle is verder verantwoordelik om aksienavorsing te doen vir 'n navorsingsprojek. • Totaal: 24 weke.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Een keer per jaar vanaf die tweede jaar
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Eerste en tweede semester elke jaar vir 4 jaar.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • 10 dae gedurende 2e en 3e kwartaal
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Gaan in Augustus vir 3 weke op PO (1-3 jaar) en die 4e jaars gaan tweekeer uit vir 3 weke op 'n slag.

Vraag: Watter probleme beleef u met praktiese onderwys in u program?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Soms 'n gebrek aan 'n goeie skool in die omgewing waar die student moet prakties doen.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Eerstejaars bly op kampus terwyl ander studente proef, wat ontwrigting veroorsaak. • Dosente is betrokke by registrasie van studente en moet terselfdertyd uitgaan vir PO. • Praktiese onderwys by kleuterskole is riskant omdat kleuterskoolonderwysers nie gekwalifiseer is nie. • Dit bemoeilik assessering.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Afstand van studente vanaf universiteit.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Tydskeuse vir PO eerder in 3e en 4e kwartale. • Gebrek aan goeie voorskoolse inrigtings waar studente goeie voorbeelde kan kry. • Kurrikulum by skool bemoeilik die uitvoer van take deur die universiteit voorgeskryf. • Oningeligte onderwysers bemoeilik studente se taak. Onderwysers weet nie wat van studente verwag word nie en dit bemoeilik evaluering.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Onderwysers wil nie studente in die klas hê nie. • Onderwysers "beskou dit as 'n vormorsing van tyd" en "vertel vir studente dat hulpmiddels onnodig is aangesien dit nie in die praktyk moontlik is om alles te maak nie".
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Te min tyd vir PO

Vraag: Watter veranderings sou u aan die praktiese onderwys in u program wou aanbring?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Om studente wat nie 'n goeie voorbeeld het nie te plaas in model skole.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Kort observasietydperk vir eerstejaars.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Meer personeel beskikbaar vir praktiese onderwys
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Kies geskikte skole wat aan opleidingsverwagtings voldoen. • Stig vennootskap met hierdie skole. • Gebruik hulle as demonstrasieskole.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Internskap met goedkeuring van die Departement. • Studente moet betaal word
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Wil studente aan begin van die jaar uitstuur vir PO "Om die praktykskok te verminder".

Vraag: Watter metode(s) word gebruik vir die plasing van studente by skole vir praktiese onderwys?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Student soek self skool vir prakties onderwys. Dit is meestal naby die student se woonplek.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • 2e jaars plaas hulleself by skole. • 3e en 4e jaars proef naby die universiteit. • Vir die 4e jaars is hulle tweede PO tydperk 'n vrykeuse by enige skool.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Studente reël self. Universiteit doen plasing.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Kies skole wat opleidingsbenadering volg • Skool moet onderneem om aan universiteit se vereistes voldoen. • Gebruik areas waar studente bly. • Bel of besoek die skole vooraf. Bevestig skriftelik • Verskaf riglyne aan skole tov verwagtinge en assesseringsvoorskrifte
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Studente dui voorkeurkeuses op vorm aan • Plasing en korrespondensie word gedoen deur die universiteit
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Dame wat verantwoordelik is vir plasing. Die studente reël self en bevestig met haar. Sy voorsien dokumentasie. Sy reël dosentebesoeke.

Vraag: Watter vennootskap bestaan daar tussen u inrigting en skole ten opsigte van die praktiese opleiding van studente?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Met jare ondervinding in die werkswyse, is skole baie bewus van die Universiteit se stelsel. Omdat ons ook studente in die buiteland het is skole ook daar van ons bewus.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Skole speel 'n belangrike rol. • Skole kies vrywillig om deel te wees van PO • Baie assessering word deur hulle gedoen. • Skole word slegs telefonies of per brief gekontak. • Uitnodigings vir hoofdevergaderings word aan deelnemende skole gestuur. • Kies geskikte skole wat aan opleidingsverwagtings voldoen.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Skole speel 'n belangrike rol in opleiding van studente
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie verhouding met sommige skole. • Probleemskole bestaan. • Verhoudings met skole neem lank om op te bou, veral met die hulp van onderwysverenigings.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie samewerking met skole. • Voogonderwyseres assesser 2 lesse. • Voogonderwyseres voltooi algemene assesseringsvorm
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Skole is goedgesind en hulpvaardig en evalueer lesse.

Vraag: Watter terugvoer word oor praktiese onderwys vanaf skole verwag?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Die Universiteit beskik oor 'n intense korrespondensie met die skole waar praktyk gedoen word. • Volledige terugvoer van alle aanbiedings deur die student word gedoen asook 'n evaluering van die praktyk deur die mentor en die skoolhoof.
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Verslagvorm asook assesseringsvorme word deur skole teruggestuur. • Al hierdie inligting word deur 'n sentrale persoon bestuur.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Assesseringvorme wat skool invul. • Skool assesser aanbiedings
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Onderwysers verskaf terugvoer. • Gesamentlike terugvoer en evaluering aan die einde van die tydperk.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Assesseringsvorm
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Skool vul dokumentasie in as bewys dat lesse gegee is. • Professionele voorkoms, betrokkenheid en bevoegdheid word evalueer. • Bywoningsregisters.

Vraag: Hoe word die assessering van die praktiese vaardigheidsvlak van studente gedoen?

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Assessering deur die mentor • Assessering by wyse van take en portefeuljes • Assessering van die aktiwiteite aangebied deur die student • Besoeke deur die dosente
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Studente ondergaan 'n opleidingsessie voor PO. • 2e jaars doen 'n waarnemingstaak by 'n kleuterskool. • Daaglikse aanbiedings word deur die onderwyseres assesseeer. • 3e jaars word deur dosente assesseeer. • 4e jaars word oor 'n tydperk deur die onderwyseres en 'n dosent assesseeer. • 4e jaars lewer 'n portefeulje en 'n navorsingsartikel in wat dien as finale evaluering.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Portefeuljes, dosentassessering en skoolassessering.
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Direkte observasie van lesse en aktiwiteite. • Studente word 2-3 keer deur dosent evalueer. • Onderwyser gee terugvoer • Studente maak hulpmiddels en doen aanbiedings wat evalueer word.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Voogonderwysers bedien studente met raad en assesseeer hule • Dosente assesser net in finale jaar.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Word gemeet deur 'n voorgeskrewe evalueringvorm.

Vraag: Tot watter mate vul die teorie en die praktyk in u program mekaar aan? Motiveer u antwoord kortliks.

Universiteit 1	<ul style="list-style-type: none"> • Die teorie en praktyk word ten volle geïntegreer
Universiteit 2	<ul style="list-style-type: none"> • Die modules is so ontwerp dat studente goed onderlê is in teorie. • Deur die praktiese ervaringsgeleenthede aan skole word die teoretiese komponent van die program as onderbou gebruik om die praktyk sinvol te maak.
Universiteit 3	<ul style="list-style-type: none"> • Die program onderlê studente in teorie. Studente pas teorie toe tydens praktiese onderwys
Universiteit 4	<ul style="list-style-type: none"> • Studente baseer hul beplanning en metodologie op teoretiese kennis. • Vaardigheid van die student is die uiteindelijke maatstaf.
Universiteit 5	<ul style="list-style-type: none"> • Studente ontvang teorie en saam daarmee word die praktyk in die praktyksleerperiode toegepas.
Universiteit 6	<ul style="list-style-type: none"> • Studente gee gereeld lesse by skool op kampus. "Praktykblootstelling tans te min".

Bylaag C: Waardeskaalvraelys

Skoolorganisasie

1. Dui die frekwensie van elk van volgende aan deur die onderstaande skaal te gebruik.
1=SELDE 2=SOMS 3=DIKWELS 4=AMPER ALTYD

Die mate waartoe...

die klasonderwyser u met u onderrigtaak gehelp het	1	2	3	4
u die klasonderwyseres as 'n rolmodel beskou het	1	2	3	4
u dink dat skoolonderrig en skoolaktiwiteite leerders aanspoor om lewenslange leerders te word	1	2	3	4
u skool toegewy is aan studente se professionele ontwikkeling	1	2	3	4

Student se persoonlike en professionele ontwikkeling

2. Dui u beskouing van u vaardighede aan in elk van die volgende areas, volgens die skaal hieronder.

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Die beplanning van stimulerende leeraktiwiteite	1	2	3	4
Motivering van leerders/kinders tot deelname in klasaktiwiteite	1	2	3	4
Onderrig van kennis en vaardighede	1	2	3	4
Onderrig van probleemoplossing en hoërededene	1	2	3	4
Ontwikkeling van samewerking onder leerders/kinders	1	2	3	4
Kruis-kurrikulêre onderrig (Integrering van leerareas)	1	2	3	4
Hantering van begaafde/talentvolle leerders	1	2	3	4
Onderrig van leerders met spesiale behoeftes	1	2	3	4
Effektiewe onderrig vir leerders uit diverse omstandighede en agtergronde	1	2	3	4
Die gebruik van verskillende assesseringspraktyke	1	2	3	4
Die gebruik van koöperatiewe leer	1	2	3	4
Hantering van ontwrigtende leerdergedrag	1	2	3	4
Die ontwerp van leeraktiwiteite vir veelvuldige leerstyle	1	2	3	4
Die gebruik van refleksie om onderrig te verbeter	1	2	3	4

3. Dui tot watter mate u elkeen van die volgende aspekte ken en verstaan, volgens die volgende skaal.

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Kinderontwikkeling	1	2	3	4
Teorieë/beginsels van hoe kinders leer	1	2	3	4
Klaskamerbestuurstegnieke en -prosedure	1	2	3	4
Leerareas van onderrig	1	2	3	4
Opvoedkundige konsepte en teorieë	1	2	3	4

4. Dui elkeen van die volgende aan volgens die onderstaande skaal
1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

U interaksie tydens die praktiese onderwystydperk met/ten opsigte van- Die hoof	1	2	3	4
Die onderwysers	1	2	3	4
Medestudente	1	2	3	4
Leerdere	1	2	3	4
Terugvoer van die onderwysers	1	2	3	4
Terugvoer van die dosente	1	2	3	4
Jou eie sukses met betrekking tot al die rolspelers tydens Januarie 2003 praktiese onderwys	1	2	3	4
Jou siening van jouself as onderwyser/es	1	2	3	4
Die mate waartoe jou siening van die professionele rolle en verantwoordelikhede van die onderwyser verander het tydens praktiese onderwys	1	2	3	4

5. Beoordeel elkeen van die volgende aspekte volgens die onderstaande skaal
1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

U algemene selfvertroue met betrekking tot die praktiese onderwystydperk	1	2	3	4
U professionele gedrag by die skool	1	2	3	4
Die kwaliteit van die die praktiese onderwystydperk	1	2	3	4

6. Beoordeel die Assessering deur die volgende persone volgens die onderstaande skaal
1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Die hoof en/of onderwysers	1	2	3	4
Dosente	1	2	3	4

Student se studieprogram

	JA	NEE
7. As jy weer kon kies, sou u vir dieselfde program registreer as waarvoor u tans geregistreer is?		

Beantwoord met behulp van onderstaande skaal
1=FEITLIK GLAD NIE 2=IN 'N BEPERKTE MATE 3=GOED 4=UITSTEKEND

8. Dui aan tot watter mate u universiteitsprogram u effektief toerus vir praktiese onderwys.	1	2	3	4
----------------------------------------------------------------------------------------------	---	---	---	---

9. Dui by elk van die volgende aspekte aan tot watter mate u dink hulle kan bydra om van u 'n beter onderwyseres te maak. Gebruik die onderstaande skaal.
1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Waarneming deur jouself van die onderwyser/s se onderrig en gedeelde refleksie	1	2	3	4
Waarneming van medestudente (deur jouself) se onderrig en gedeelde refleksie	1	2	3	4
Waarneming van jouself deur die onderwyser/s van jou onderrig en gedeelde refleksie	1	2	3	4
Waarneming van jouself deur medestudente van jou onderrig en gedeelde refleksie	1	2	3	4

10. Merk elke aspek volgens die onderstaande skaal.

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Die algemene kwaliteit van die modules wat u neem	1	2	3	4
Die intellektuele uitdaging van die program	1	2	3	4

Organisasie van praktiese onderwys deur die universiteit

11. Dui die waarde van elk van die volgende aan volgens die skaal hieronder.

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Tweedejaarswaarnemingstaak	1	2	3	4
Praktiese onderwysjoernaal	1	2	3	4
Algemene gedragskode	1	2	3	4

12. Dui die belangrikheid van elk van die volgende aan met betrekking tot praktiese onderwys. Gebruik die onderstaande skaal

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Emosionele voorbereiding van studente	1	2	3	4
Algemene voorbereiding vir die eerste dag by die skool	1	2	3	4
Samewerking met die hoof en die onderwysers	1	2	3	4
Eie daaglikse beplanning	1	2	3	4

13. Dui die effektiwiteit van elkeen van die volgende aan volgens die skaal hieronder.

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Die lesbeplanningsformaat vir praktiese onderwys	1	2	3	4
Die assesseringsvorm wat die skool en die universiteit (dosente) gebruik	1	2	3	4
Die praktiese onderwysverslagvorm wat deur die skool voltooi word	1	2	3	4

Refleksie van eie vermoëns en vaardighede

14. Dui die belangrikheid van elk van die onderstaande kriteria aan ten opsigte van die assessering van u sukses as onderwyser

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Leerders jou respekteer as onderwyseres	1	2	3	4
Leerders leer wat jy onderrig	1	2	3	4
Leerders eiewaarde en selfvertroue in die klas verwerf	1	2	3	4

15. Merk die belangrikheid van elke lesvoorbereidingsaspek volgens die onderstaande skaal.

1=REDELIK SWAK 2=BEVREDIGEND 3=GOED 4=REDELIK STERK

Inhoud	1	2	3	4
Tegniese en strategieë	1	2	3	4
Geskrewe voorbereiding	1	2	3	4